**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**BYBELKUNDE SG**

**Possible Answers / Moontlike Antwoorde**
**Feb / Mar / Maart 2006**

---

AFDELING A
**(VERPLIGTEND)**

## VRAAG 1
## KORTVRAE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | Lukas | (2) |
| | 1.1.2 | Geliefde van God / Romeinse goewerneur | (4) |
| | 1.1.3 | Handelinge van die Apostels | (2) |
| 1.2 | 1.2.1 | A | |
| | 1.2.2 | A | |
| | 1.2.3 | B | |
| | 1.2.4 | C | |
| | 1.2.5 | C | 5x2=(10) |
| 1.3 | 1.3.1 | Kerk | |
| | 1.3.2 | Evangelie | |
| | 1.3.3 | Amen | |
| | 1.3.4 | Drie-eenheid | |
| | 1.3.5 | Golgota | 5x2=(10) |
| 1.4 | 1.4.1 | 1 – (Aanbid geen ander God naas My nie) | |
| | 1.4.2 | 6 – (Jy mag nie moord pleeg nie) | |
| | 1.4.3 | 9 – (Jy mag nie vals getuienis gee nie) | 3x2=(6) |
| 1.5 | 1.5.1 | C | |
| | 1.5.2 | A | |
| | 1.5.3 | D | |
| | 1.5.4 | B | 4x2=(8) |
| 1.6 | 1.6.1 | Onwaar | |
| | 1.6.2 | Waar | |
| | 1.6.3 | Onwaar | |
| | 1.6.4 | Waar | 4x2=(8) |
| 1.7 | 1.7.1 | (a) sinoptiese | |
| | | (b) biografie / lewensverhaal | |
| | | (c) Messias | (3) |
| | 1.7.2 | (d) individue | |
| | | (e) skares | (2) |
| | 1.7.3 | (f) sewe | |
| | | (g) Die Seun van God | (2) |
| | 1.7.4 | (h) dwaalleer | (1) |

1.8 Om oor die meeste mag (oppergesag) te beskik en om volkome gesag te kan uit oefen. (2)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [60]**

AFDELING B
**INLEIDING TOT DIE NUWE TESTAMENT**

**VRAAG 2**

2.1.1 **Matteus as sistematiese evangelie**

- Het ? gawe gehad om die belangrikste leerstellings van Jesus in ? maklik verstaanbare sisteem te rangskik.
- Deel stof in 5 hoofafdelings in:
- Wet van die Koninkryk
- Ambassadeurs / apostels en hulle pligte
- Gelykenisse van die Koninkryk
- Persoonlike verhoudings tussen lede van die Koninkryk
- Koms van die Koninkryk
- Deel dinge in 3 / 5 / 7:
  3 – versoekings / 3 ontkennings van Christus deur Petrus / wonderwerke van genesing / drie gebede in Getsemane
- 5 – hoofafdelings oor Christelike leer
- 7 – ellende wag op julle, skrifgeleerdes en fariseërs, huigelaars.

(2 punte vir enige voorbeeld) (8)

2.1.2 **Christendom as ware vervulling van die Ou Testament**

- Matteus wys dat Jesus die ware Messias is
- Gebore en geskool onder Joodse wet maar Jesus is Here van ? kerk wat wyer strek as Judaïsme.
- Jesus se lewe was ? vervulling van die profesieë van die Ou Testament en hy oortuig so die Jode dat Jesus Christus die Messias was:
- Jesaja – jong vrou sal seun in die wêreld bring – jong Maria was moeder van Jesus
- Hosea – God sal Sy seun uit Egipte roep – en Jesus se ouers vlug voor Herodes na Egipte
- Sagaria – Messias sal op ? donkie Jerusalem binnekom – en dit het ? week voor Sy kruisiging gebeur. (10)

2.1.3 Johannes (2)

2.2 **Matteus is deur ? Jood geskryf vir die Jode:**

- Verduidelik nie Joodse gebruike aan die lesers van sy Evangelie nie
- Byvoorbeeld – aalmoese, gebed, vas.
- Gebedsband wat die Ortodokse Jood op die voorkop en om die arm dra
- Groot tossels aan die Ortodokse Jode se klere
- Die tiende wat die Ortodokse Jood van selfs die geringste inkomste sal gee
- Skrifgeleerdes was gesteld op ereplekke by feesmaaltye
- Matteus praat van *koninkryk van die hemel* en nie soos ander evangelies die *koninkryk van God nie.*
- Hy vermy die gebruik van God se naam. 6x2=(12)

2.3.1 **Filémon is ’n getuigskrif**

- Persoonlike brief aan Filémon
- Handel oor die slaaf Onesimus wat in die tronk was saam met hom.
- Onesimus is bekeer en word ? Christen.
- Paulus prys Filémon vir sy liefde en geloof.
- Hy versoek Filémon om die slaaf terug te neem omdat hy sy weë verander het. (8)

2.4.1 **Temas van Jakobus**

- Geduld en volharding in moeilike tye
- Daders en nie net hoorders van die woord nie
- Regte verhouding tussen ryk en arm
- Veroordeling van sosiale verskille
- Beheersing van die tong (10)

2.5.1 Sy verkoop purper materiaal en nooi Paulus en sy twee reisgenote na haar huis. Paulus het haar by die rivier ontmoet en vra haar waar ? sinagoge was.
2.5.2 Hulle was reisgenote.
2.5.3 Hy pleit by haar en Sintige om in eensgesindheid saam te leef.
2.5.4 Hy bedank hom vir die geskenke en verduidelik waarom hy hierdie man (Epafroditus) teruggestuur het.
2.5.5 Paulus se ander reisgenoot. 2x5=(10)

**[60]**

## VRAAG 3

3.1 **Hy was ? Jood**

- Het goeie kennis van Joodse gebruike
- Weet van die Jode se siening oor vroue
- Weet van die waarde wat hulle aan godsdiensonderrig geheg het
- Weet dat die Palestynse Jode min dink van Jode in verstrooiing
- Weet dat Jode die Samaritane haat
- Weet dat Jode mense wat nie Moses se wette nakom nie, haat.
- Hy ken die Joodse feesdae
- Weet die wette van die Sabbat geld m.b.t. besnydenis.
- Ken die Sabbatswet en dat dit onwaardig was vir Jode om kontak te hê met nie-Jode gedurende Paastyd.
- Ken die ritueel van die huttefees.
- Hy gebruik tipe Grieks wat wys dis nie sy moedertaal nie
- Woordeskat beperk.
- Weet van die verhouding tussen Joodse wet en Romeinse wet
- Evangelie in Grieks geskryf wat slegs Jode sou gebruik.
- Hy ken die Ou Testament goed bv. Goeie Herder en Lewende Water (Maks 4 vir voorbeelde)
- Bekend met Joodse wet en feesdae
- Weet van die vrou wie se Kindjie gebore sal word en Hy sal die wêreld van sondes red

- Toon aan dat gebeure in Jesus se lewe so voorspel was in die Ou Testament
- Weet van Judas se verraad teenoor Jesus by sy gevangeneming
- Sy denkwyse is gevestig in die Ou Testament (30)
- Weet van die triomfanklike intog in Sagaria se profesie voorspel

3.2.1 **Ooggetuie**: (Enige 3 voorbeelde)

- Hy gee gebeure weer tot in die fynste besonderhede, dit was 4 dae vandat hulle die hartseer tyding ontvang het dat Lasarus dood was tot met sy opwekking. (Joh 11:17)
- Presiese getalle word ook gegee soos ses kanne by die bruilof in Kana. (Joh 2:6)
- Vyf brode en twee vissies by die voeding van 5 000. (Joh 6:9)
  Dissipels het vyf of ses kilometer geroei toe storm losbars (Joh 6:19)
- Die Samaritaanse vrou wat vyf mans gehad het (Joh 21:11) 3x2=(6)

3.3 **Die geliefde dissipel**:

- Hy word genoem as die een wat Jesus liefgehad het
- Deel van die binnekring 2x2=(4)

3.4 **Pauliniese briewe**:

3.4.1 Filemon (2)
3.4.2 Galasiërs (2)
3.4.3 1 en 2 Timoteus en Titus (4)
3.4.4 Romeine (2)

3.5 **Paulus se bekering**:

- Eers bekend as Saulus van Tarsus
- Gebore as Romeinse burger maar was Joods
- Opgevoed aan voete van Gamaliël
- Paulus was voorbok om Christene dood te maak / te vervolg.
- Hy speel rol by vervolging van Stefanus.
- Hy het ? brief van die Hoëpriester by hom gehad om Stefanus na Jerusalem toe te bring.
- Paulus was op pad na Damaskus waar hy gehoop het om baie Christen-gelowiges gevange te neem,
- maar hy word gekonfronteer met visioen van Christus.
- Dit verander sy lewe.
- Hy verander sy naam ook en verkondig nou die evangelie aan die heidene. (10)

**[60]**

## VRAAG 4

4.1.1 **Grootheid van Jesus Christus se Soewereiniteit**

- Hy is altyd teenwoordig in sy Kerk.
- Hy is alomteenwoordig.
- Hy is gelyk aan God.
- Hy regeer oor konings.
- Alfa en Omega
- Eerste en die laaste
- Teenwoordig toe God alles gemaak het.
- Eersteling uit die graf
- Leef vir ewig
- Joodse sabbat vervang deur Dag van die Here.
- Koningskap finaal met wederkoms. (8)

4.1.2 **Krag van Sy soewereiniteit**

- Hy heers oor die hemel.
- Hy heers oor die wêreld.
- Hy heers oor die dood en die wêreld van die dooies / doderyk.
- Hy kan sy Koningskap/soewereiniteit deel.
- Dra die sleutel tot alle deure
- Niemand kan ? deur sluit wat Hy oopgesluit het nie.
- Sleutel van doderyk
- en van die lewe.
- Sluit deur oop na Philadelphia.
- Heers oor konings en nasies.
- Kan name skryf in Boek van die Lewe
- Kan ? lamp wegneem. (8)

4.1.3 **Gevolge van Sy soewereiniteit**

- Die grootheid en mag van Jesus se Koningskap het ook sekere gevolge.
- Hy ken ? mens beter as wat jy jouself ken.
- "*Ek weet alles wat julle doen"* (Op 2:2).
- Hy ken die mens se sondes.
- Christus kan berou eis (Op 2:5)
- As daar nie berou is nie, kan Hy die gemeente tot niet laat gaan. (8)

4.1.4 **Troos van Sy soewereiniteit**

- Hy gee moed.
- Hy red.
- Hy help tydens versoeking.
- Hy is altyd daar.
- Hy het genade vir sondaars.
- Het gekom om sy volgers te vergewe.
- Weet wat hulle uithouvermoë is.
- Gaan sy volgelinge deel laat hê aan Sy Koninkryk.
- Sal al die gelowiges versamel tydens die Wederkoms. (8)

4.2 **Die idee van Jesus**
**Begin**

- Hy was van die begin af daar.
- Johannes twyfel nie dat Jesus altyd daar was nie
- dat Hy seun van God is en
- in spesiale / unieke verhouding met God staan.

**Hy is die Messias**
- As Messias vervul Hy die heilsplan van God
- vir die uitverkorenes
- Hy is onafskeidbaar deel van mens se geskiedenis.

**Hy is waarlik en volkome mens**
- Om te ontken dat Hy mens geword het
- is soos om deur die antichris beweeg te word.
- Johannes het self vir Jesus die mens geken.

**Hy is sonder sonde**
- Mense beweer soms uit onkunde dat hulle sonder sonde is.
- Net een is sonder sonde:
- Jesus wat die mensdom se sonde weggeneem het.

**Hy is die Voorspraak**
- **Voorspraak** is iemand wat ingeroep word om te help
- Soos ? getuie in ? hof of ? geneesheer
- Jesus is deur die Vader as Voorspraak ingeroep by ons verhoor (getuie).
- Hy sal ons red.
- Hy verlos die wêreld. (18)

4.3 **Vyf mense wat Judas genoem is**
- Judas van Damaskus
- Judas Barsabas
- Judas Iskariot
- Judas, (nié Iskariot nie)
- Judas, die broer van Jesus 5x2=(10)

**[60]**

## VRAAG 5

5.1.1 **Ek IS - uitdrukkings**:
- By die brandende bos waar Moses die Tien Gebooie ontvang het. (2)

5.1.2 **EK IS ......**
- ...... die Brood van die lewe
- ...... die lig van die wêreld
- ...... die ingang van die skape
- ...... die Goeie Herder
- ...... die opstanding en die lewe
- ...... die weg en die waarheid en die lewe
- ...... die ware wingerdstok (Enige vier) 4x2=(8)

5.2 **Redes van die brief aan die Filippense**:

- **Bedankingsbrief**:
- Dankbaar vir geskenk van Epafroditos (Maks 2)

- **Verduidelikingsbrief**:
- Wil vertel hoekom Epafroditos huistoe gestuur was
- Dit lyk asof laasgenoemde aangesê was om by Paulus te bly in Rome
- Maar hy word siek en moes terugkeer
- Hy het nie gedros nie (Maks 4)

- **Bemoedigende brief:**
- Moedig hulle aan om aan te gaan met hulle goeie werk
- Hulle moet eensgesind leef
- Moet hulle lewens wy aan die Here (Maks 4)

**Beroep op eenheid**:

- Moet in eensgesindheid leef
- Spreek Euodia en Sintige aan oor eenheid
- Moet getuig van eenheid van die Gees
- Nie in klieks beweeg nie
- In die verlede het klieks die gemeente verdeel (Maks 6)

**Waarskuwende brief**:
- Waarsku teen gevaar van Judaïsers.
- Die gevaar van verval in wettiesheid.
- Dit weerspreek Christus se Evangelie. (Maks 4)

**Persoonlike brief**:
- Wou nuus gee van sy persoonlike omstandighede.
- Wou hulle vertel van plan om Timoteus na hulle te stuur. (Maks 4) (24)

(Geen punte vir opskrifte nie)

5.3 Gee redes om te bewys: dat Petrus nie die brief 2 Petrus geskryf het nie.

**POSITIEF** (Petrus was die outeur)
- Die skrywer noem dat hy en die apostels vir Christus self gesien het.
- Outeur beweer dat hy die apostel Petrus was.
- Hy het die apostels en Christus geken.
- Hy het die hemelvaart ervaar.
- Outeur verwys na ? vorige brief.
- Dus moontlik dat hy die brief ook geskryf het.
- Praat van Paulus as "ons geliefde broer."
- As iemand anders die brief geskryf het is dit onwaarskynlik dat hy so na Paulus sou verwys.
- Brief gee die indruk dat hy Paulus persoonlik goed geken het, en behandel hom as ? gelyke
- Verwys na Paulus as die "geseënde apostel".
- Outeur sou binnekort sterf, verwys na homself as die oudste.
- Brief geskryf tydens Christenvervolgings deur Romeine.
- Weet dat sy lyding naby is (Maks 12)

**NEGATIEF** (Petrus was nie die outeur nie)

- Die vroeë kerk was traag om hierdie brief te aanvaar. Indien hulle seker was dat Petrus self hierdie brief geskryf het, sou hulle nie huiwer om daaruit aan te haal nie.
- Vir 200 jaar is daar nooit uit hierdie brief aangehaal nie.
- In die 4de eeu is dit as kanoniek aanvaar.
- 2 Petrus het min in gemeen met 1 Petrus en Handelinge.
- Geen verwysing na lyding, opstanding en hemelvaart.
- Outeur skryf nie oor die Kerk as die ware Israel nie.
- Bespreek nie onderwerpe soos Heilige Gees, Doop, Gebed.
- Trant en styl van hierdie brief verskil heelwat van 1 Petrus.
- Die brief Judas is ongeveer 80 nC geskryf, lank na Petrus se dood. Hy kon dus nie 2 Petrus geskryf het nie.
- Die eerste generasie Christene het al gesterf en in 2 Petrus lees ons van "Ons vaders wat reeds gesterf het.
- Paulus se geskrifte is reeds aanvaar toe dié brief geskryf is.
- Indien Petrus een van die apostels was, kon hy nie gepraat het van die 'vaders' wat al dood is nie.
- Paulus se briewe is minstens 80 nC aanvaar en Petrus is lank voor dit dood. (Maks 14)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [120]**

AFDELING C

**DIE BYBELSE GRONDSLAG VIR DIE CHRISTELIKE GELOOF EN LEWE**

**VRAAG 6**

6.1

- Vergifnis is ? Griekse woord – aphesis – dit beteken 'om weg te stuur' / 'om vry te laat.'
- Die Christen moet ander vergewe om deur God vergewe te word.
- Die Christen moet nie iets teen iemand hou nie – ons moet hulle vrylaat – en vergeet.
- Jesus het vir ons sondes aan die kruis betaal – hy het ons al ons sondes vergewe.
- Om mense te vergewe bring ons in ? liefdevolle verhouding met God, want jy moet jou naaste liefhê.
- Vir die Christen beteken vergifnis dat die oortreder se daad uit die hart en gedagtes moet wees. (10)

6.2 **God openbaar Hom op algemene wyse**:

- **Aan almal**
- God openbaar Hom nie altyd so direk soos in die dae met Israel nie
- Steeds deur Sy liefde en skepping

- **Te alle tye**
- Vandat die mens gesondig het en sy rug op God gekeer het, wil God hom al red.
- Hy openbaar Hom aan almal op enige ouderdom
- Individu moet Hom self ontdek en in Hom glo

- **Op alle plekke**:
- Openbaring van God nie net beperk tot Israel nie
- Bedoel vir almal op aarde
- Soos Afrika
- God openbaar Hom aan verskillende mense op verskillende wyses. (10)

6.3 **Die skrif beïnvloed die lewe van die gelowige**

- Maak mens gelowige en dader van die woord
- Moet dade aan geloof koppel
- Gedrag en lewenswyse moet wys jy glo in God
- Almal op liefdevolle wyse behandel
- Kan nie glo in God sonder om jou naaste lief te hê nie
- Dis die groot gebod
- As jy nie liefde het nie, het jy niks nie
- God vereis dat ons uitdrukking aan geloof deur liefde moet gee
- Vals waardes van die wêreld oorkom
- Moet oor vals waardes triomfeer
- Sondige wêreld oorwin
- Riglyn vir rein lewe
- Die wat rein lewe, sal gered word
- Slegs moontlik as ons sondes vergewe is
- Ons moet ons bekeer en
- Moet in God glo
- Vrede met God bring
- Kan net in God vrede vind
- Die vrede gaan die menslike verstand te bowe
- Sal hart en gedagtes bewaar in Christus Jesus (30)

6.4.1 Vader van die individu (2)
6.4.2 Vader / Pappa (2)
6.4.3 Op die kruis toe Hy Godverlate gevoel het (2)
6.4.4

- Jesus wys dat alle Christene die intieme vader / kind-verhouding met God kan smaak.
- Gelykenis van die verlore seun
- Heilige Gees lei ons heen na God
- Jesus wys dat alle Christene ? warm persoonlike verhouding met God kan hê. (6)

**[60]**

## VRAAG 7

7.1.1 **En laat ons nie in die versoeking kom nie**

- God versoek niemand om sonde te doen nie.
- die versoeker is die duiwel
- Alles in ons lewe is in die hand van God
- daarom vra ons Hom om niks te laat gebeur wat nie in Sy wil is nie.
- As ons versoek word, is dit omdat God dit toelaat.
- Maar ons vertrou dat God nooit sal toelaat dat ons bokant ons kragte versoek word nie.
- Met dié bede erken ons dus God se alvermoë, Sy mag oor alles en dit sluit die versoeker in.
- Ons erken ons algehele afhanklikheid van God, ons Vader en smeek Hom om beskerming en hulp. (Maks 12)

**Verlos ons van die bose**

- Ons is ? teiken van die bose en word van die goeie wil weggelei om te sondig.
- Bose word genoem – Duiwel, Beëlsebul, Satan
- Ons vra in hierdie bede dat ons Hemelse Vader ons moet bewaar
- Van die Bose en krag moet gee om die bose magte te beveg. (Maks 8)

(20)

7.2 **Die doksologie van die Onse Vader-gebed**

- Die doksologie is die samevatting van die Onse Vader
- Die Jode het ? gebed dikwels met ? doksologie gesluit bv. in Psalms.
- Vroeë Christene het dit bygevoeg as hulle die “Onse Vader” in die openbaar bid.
- Die doksologie kom uit die Ou Testament.
- Uitinge van lof was algemeen in die Ou Testament
- God is Heerser van Sy Koninkryk en net Hy het die mag om daardie Koninkryk ? werklikheid op aarde en in die hemel te maak.
- Ons moet die bede ernstig opneem en strewe en uitleef waarvoor ons bid.
- God volbring al hierdie dinge in ons tot sy eer en verheerliking.
- God se Koninkryk sal aarde toe kom en Sy wil sal geskied.
- Die enigste moontlike reaksie op God se goedheid is AMEN – laat dit so wees.

(20)

**[60]**

## VRAAG 8

8.1.1 **Sabbat in die Nuwe Testament**

Vierde gebod:

- Soos ? gelowige Jood
- Lukas – Hy het op daardie dag na die sinagoge gegaan.

- Jesus het die Fariseërs veroordeel omdat hulle ? afgod gemaak het van Sabbatsheiliging.

- Hulle maak ? afgod van die Sabbat.
- Jesus kritiseer hierdie daad / optrede van hulle en nie die Wet nie.
- Hulle beskuldig Jesus dat Hy die Wet verbreek deur koringare op die Sabbat op te tel.
- Jesus antwoord hulle dat Dawid op dieselfde manier die 'wet verbreek het' – vir honger manskappe.
- Jesus sê dat die Sabbat moet ruimte laat vir goeie dade en om jou naaste te help.
- Die Sabbat is vir die mens gemaak en nie die mens vir die Sabbatdag nie.

Christus is die Heer van die Sabbat.

- Soos Sy Vader sal Hy altyd werk.
- Hy is Heer van die Sabbat net soos Sy Vader.

- Na Sy hemelvaart het Christus se apostels dienste bygewoon op die Sabbat.

- In die vroeë kerk was ? groep Joodse Christene wat probeer het om die besnydenis en Sabbatsheiliging af te dwing op Christene.
- Paulus sê dat jy nie net op sekere geleenthede ? Christen moet wees nie maar deurentyd.
- Christus se kruisdood bevry ons van bindende reëls – Christus is enigste werklikheid.

Die Sabbat is vervang deur Sondag, dag van die Here.

- Sabbat was eers op Saterdag maar nou onderhou Christene dit as Sondag.
- 100 n.C
- Sondag was heilige dag (voor die hand liggend) want Jesus het op Sondag uit die dood uit opgestaan.

Die Here se dag is bedoel om ? dag van gebed en goeie werke te wees.

- Vernuwe op hierdie dag verhouding met Here en jou naaste. (30)

8.1.2 **Vyfde gebod:**

- **Eer jou vader en moeder**
- Ouers is medeskeppers van God en daarom moet hulle gerespekteer word.
- Dis ? verpligting.
- In Matteus staan dat die een wat sy moeder / vader vloek
- sekerlik doodgemaak moet word.
- Gehoorsaamheid teenoor die staat is ? vereiste want
- owerhede is daar deur die beskikking van God.
- Onderwysers is daar deur God gestel om leerders op te voed en te onderrig en moet dus gerespekteer word.
- Daar is perke aan gehoorsaamheid as die persoon in ?
- gesagsposisie nie voldoen aan die wil van God nie.
- Om ? onderwyseres te wil vergiftig toon disrespek en haat – dit is teen die vyfde gebod.
- Om onderwysers te vloek toon liefdeloosheid en dit is ook teen die vyfde gebod.
- Jy moet jou onderwyser respekteer soos jy God respekteer
- Jy moet jou onderwyser en ouers behandel soos God jou behandel.
- Jy moet in ? liefdevolle verhouding met hulle staan. (30)

**[60]**

**VRAAG 9**

9.1.1 **Verbond**

- Plegtige ooreenkoms tussen twee persone
- In Bybel tussen God en mens
- God neem inisiatief
- Gerig aan mens
- Belofte van verlossing
- Fisiese teken (10)

9.1.2 **Werkverbond**

- Adam en Eva
- Tuin van Eden
- Eet verbode vrugte
- Fisiese teken – man sal hard werk
- Vrou sal in pyn kinders kry
- God belowe redding (10)

9.2

- Jesus is na Golgota geneem.
- Jesus dra self Sy kruis na Golgota – Kopbeenplek.
- Johannes beskryf nie Jesus se fisiese lyding nie – hy laat dit oor aan die verbeelding van sy lesers.
- Hy is saam met twee misdadigers gekruisig.
- Dit was ? wrede dood om te sterf.
- Dit was ? vernederende dood om te sterf, want vir verbygangers lyk Hy soos ? misdadiger.
- Die aanklag teen hom was dat Hy sou beweer het Hy is die Koning van die Jode.
- Die opskrif verskyn in drie tale bo-kant sy kruis: Grieks, Latyn, Hebreeus.
- Sy klere is van sy lyf afgeskeur en onder die soldate verdeel.
- Daar is geloot vir Sy onderkleed, want hulle wou dit nie tussen die vier soldate verdeel nie.
- Hy het voluit gely en Sy pyn is op geen manier verlig nie.
- Gewoonlik het die Jode aan misdadigers wat gekruisig is medisinale wyn gegee – om pyn te verdoof.
- Johannes noem dat Jesus goedkoop wyn gekry het.
- Jesus kry suur wyn en nie wyn gemeng met pynstillende kruie in nie.
- God gee Jesus krag om getrou te bly. (30)

9.3 **Betekenis van die opstanding vir die Christene**

- Ewige lewe is ? werklikheid
- Moet gedoop wees en so die gawe van die Heilige Gees ontvang het om die Ewige Lewe te kan beërwe.
- Moet geestelik weer gebore word
- Slegs deur die dood kan ons die ewige lewe binnegaan
- Heilige Gees gee ons geloof en stel ons in staat om ewige lewe te hê. (10)

**[60]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [120]**

**TOTAAL: 300**